**NOTULE VAN VERGADERING VAN MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING & BEWAREA GEHOU OP 1 MAART 2017 TE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die Voorsitter heet almal welkom. Hy rig 'n spesiale woord van welkom aan Robin Fick wat by die Bewarea betrokke is. Charl Coetzer open met gebed.

2. PRESENSIE/VERSKONINGS

Die presensielys word gesirkuleer. Verskonings is ontvang van Rozain, Johan Lotter, Buks Pieterse, Pieter le Roux en raadlid Anton Dellemijn.

3. LIEF EN LEED

Die Voorsitter noem dat Johan Lotter met sy oë sukkel na 'n oogoperasie en dat komiteelede aan hom moet dink.

4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Mike Gray stel die aanvaarding van die notule van die vergadering gehou op 1 Februarie 2017 voor en die voorstel word algemeen aanvaar.

5. NUWE SAKE VIR BESPREKING

5.1 SMS NR. 48802 WERK NIE REG?

Een van die lede merk op dat die korrekte sms nr. **44802** is om foute of klagtes aan die Munisipaliteit te rapporteer.

5.2 HERSONERING VAN ERF 2839 – NUWE ONTWIKKELING

Die Voorsitter meld dat daar in die verlede, weens onvoldoende infrastruktuur, beswaar teen voorgestelde ontwikkelings by die Munisipaliteit ingedien is.

Kommentaar ten opsigte van hierdie aansoek moet die Munisipaliteit voor 20 Maart 2017 bereik.

Die Komitee is dit eens dat die Munisipaliteit verwittig moet word dat die aansoeker bewys moet lewer dat daar voldoende voorsiening vir die nodige infrastruktuur gemaak is, alvorens die ontwikkeling 'n aanvang mag neem.

5.3 LANGENHOVENSTRAAT 23 (IMPALA – CHARL COETZER)

Nicky van Rensburg rapporteer dat hy van die nuwe eienaar verneem het dat hy verbeterings aan die woonhuis wil aanbring maar dat die huidige bewoners onwillig is om die perseel te ontruim. Hy het intussen begin om die vensters en deure te verwyder en die verwydering van die dak sal volg. Nicky sal hom versoek om die nodige bouplanne vir oorweging in te dien.

Die onwettige toegang vanaf Impalaweg wat met 'n vragmotor verkry word en oornag aan die agterkant van die eiendom geparkeer word, moet met Verkeer opgevolg word. **Raadslid Annatjie Janse van Rensburg sal opvolg.**

5.4 BOUREGULASIES - IMPALAWEG – AFVOERPYPE

Charl Coetzer meld dat die afvoerpype van veral dubbelverdieping woonhuise, wat aan Impalaweg grens, onooglik lyk. Hy wil weet of die Bouregulasies dit nie aanspreek nie. Die Bou-inspekteur bevestig dat die Regulasies dit nie reguleer nie. Hy sal dit egter met sy kollegas bespreek om, in soortgelyke gevalle, aansoekers te versoek om dit meer esteties aanvaarbaar te maak.

6. AANVULLENDE AGENDA

6.1 POWERTOWN

Raadslid Annatjie Janse van Rensburg doen verslag oor die nuutste verwikkelinge by Powertown. Sy meld dat die Munisipale Bestuurder 'n bus gereël het en 70 inwoners van Powertown gaan wys het waar hul nuwe tuiste (Sonskynvallei) gaan wees. Sonskynvallei beskik reeds oor 'n kliniek en sportgronde. Diegene wat nog nie aansoek vir behuising gedoen het nie, het vorms voltooi. Die dag is met 'n vergadering met inwoners afgesluit.

Raadslid Janse van Rensburg vergader ook weekliks met me Muller van Grootbrak Laerskool om die vervoer van kinders vanaf Sonskynvallei na Groot-Brakrivier aan te spreek. Die skool het reeds 'n aansoek om subsidie by die Departement van Onderwys ingedien.

Daar is reeds etlike nuwe woonhuise by Sonskynvallei voltooi en sleutels sal gedurende Maart aan sommige van die inwoners van Powertown oorhandig word. Plakkershutte wat deur hulle bewoon word, sal afgebreek word sodra dit ontruim is.

Die Munisipale Bestuurder gaan met die twee munisipale amptenare, wat in Powertown woon, in gesprek tree oor die ontruiming van hul woonhuise.

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

7.1 BESKIKBARE VERTEENWOORDIGERS: TERGNIET EN RIVERSIDE

(Item 7.1 van vorige notule) Die Voorsitter meld dat daar een vakature by Riverside en Tergniet, onderskeidelik, bestaan. Johann Muller is bereid om oor te skuif na Tergniet, terwyl Robin Fick homself as verteenwoordiger in Johann se plek by Reebok suid van die spoor beskikbaar stel. Die Komitee aanvaar die voorstelle met dank.

7.2 REEBOKRIF HUISEIENAARSVERENIGING

(Item 5.3 van vorige notule) Die Voorsitter meld dat dringende aandag aan hierdie aangeleentheid geskenk sal word sodra Buks Pieterse (die ander verteenwoordiger vir Reebokrif) terug is. Hy versoek dat die item op die agenda moet bly.

7.3 PARKERING VOOR BESIGHEDE

(Item 6.6 van vorige notule) Charl Coetzer rapporteer dat hy 'n e-pos aan die Munisipaliteit gerig het en slegs 'n erkenning van ontvangs gekry het. Daar word voorgestel dat die aangeleentheid, in verband met die eienaarskap van parkeerplekke op die sypaadjie voor Baruch's in Voorbaai, direk met Stadsbeplanning opgeneem moet word. Charl maak ook melding dat die verkeerslig by die kruising naby Langeberg Mall vir 'n ruk gewerk het en nou weer buite werking is.

7.4 MUNISIPALE SKAKELBORD: TERUGVOER – FRIK NEL

Frik noem dat hy nie oor die tyd en datum van die voorval beskik nie en dit sinneloos is om dit met die Munisipaliteit op te neem. Die Voorsitter onderneem, nogtans, om die aangeleentheid onder die Munisipale bestuurder se aandag te bring. Die klagte spruit voort Frik se klagte dat hy nie antwoord gekry het by die munisipale skakelbord nie. (Verwys punt 6.3 notule 7 Des 2016)

7.5 SUSANSLOT: BESKADIGING VAN STRAAT – FRIK NEL

Frik rapporteer dat die aangeleentheid afgehandel is.

7.6 INLIGTINGSBORDE REEBOKHOOGTE EN ONKRUID TUSSEN PAD EN SYPAADJIE, VERF VAN STOPSTRATE

Na bespreking van die behoefte vir 'n inligtingsbord vir Reebokhoogte is tot die gevolgtrekking gekom dit nie 'n amptelike pleknaam is nie en daarom daar nie so 'n versoek aan die Munisipaliteit gerig kan word nie.

Daar word ook gerapporteer dat die gras besig om deur die teeropvlakte te groei op die gedeelte van Impalaweg, tussen Blesbok- en Seesterstrate. Die sypaadjie op hierdie gedeelte is ook baie nou as gevolg van die plantegroei en behoort afgesny te word. Die plantegroei op die padreserwe by die aansluitings tussen Koedoelaan en Impalaweg en Seester en Impalaweg versper motoriste se uitsig om veilig toegang tot Impalaweg te verkry. Die Munisipaliteit moet versoek word om aandag aan voorgenoemde sake te verleen.

Die verf van stopstrate – **<u>besonderhede moet deur Jacques verskaf word</u>.**

8. WEBTUISTE INSTANDHOUDING

Die Voorsitter meld dat 'n versoek ontvang is dat daar 'n artikel vir die webblad opgestel word. **Johann Muller willig in om dit te doen.**

9. BYWONING VAN MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS

Die Voorsitter dat meld hy en Mike Gray die Uitvoerende Komiteevergadering van die Munisipaliteit op 8 Februarie 2017 bygewoon het. Die noodsaaklikheid van bywoning van dié vergaderings word bespreek. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat dit eerder raadsaam

sal wees om voortaan die Raadsvergaderings by te woon, waar die besluite geneem word. Dit word ook besluit dat dieselfde persone, naamlik die Voorsitter en Mike Gray, voortaan die Raadvergaderings sal bywoon ten einde kontinuïteit te behou. Enige ander lid is egter welkom om dit ook by te woon.

10. WYKSKOMITEES: TERUGVOER

Charl Coetzer bevestig dat die versoek ten opsigte van die wandelpad, vanaf die Poskantoor parallel met Impalaweg na Kusweg, van die GOP verwyder is. **Die Voorsitter sal opvolg.**

11. PROJEKTE

11.1 MIDBRAK N2/R102 ONTWIKKELING

Die voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpstigting – staan oor tot Julie 2017.

11.2 SAKE BY DIE MUNISIPALE REGSAFDELING

a. Tennisbane: Klein-Brakrivier (navraag oor eiendomsreg)

b. Erwe 264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg)

c. Koraalsingel 43 (vordering met regsgeding)

Die Voorsitter bevestig dat voorgenoemde sake reeds na **raadslid Dellemijn verwys is en dat sy terugvoering afgewag word.**

11.3 STRATE EN STORMWATER (REEBOK EN TERGNIET): KUSWEG 211, 275 & H/V DE JAGER EN KUSWEG

**Frik Nel** sal bogenoemde aangeleentheid met die Munisipaliteit opneem.

11.4 DUINEVERSTEURINGS ASOOK ANDER GRAS EN BEBOSDE AREAS

Die aangeleentheid is afgehandel.

12. FINANSIES

**Mike Wray** word versoek om by die Bank vas te stel watter komiteelede oor tekenregte beskik.

13. POLISIëRING/BUURTWAG

Johan Muller doen verslag oor die vergadering  wat op Maandag, 6 Februarie 2017 plaasgevind het. Hy meld dat dit ‘n jammerte is dat dit so swak bygewoon is. Hy maak ook melding dat die Buurtwag uit 60 operasionele lede bestaan. Verder is daar 14 WhatsApp-groepe wat inligting na 714 persone versprei. Hy noem ook dat Robin Fick besig is om die dwelmgebruik in Powertown aan te spreek.

14. BEWAREA (JORRIE EN JOHANN)

Johann Muller en Robin Fick is nou die verteenwoordigers vir die Bewarea. Johann meld dat hul verslagdoening voortaan meer gestruktureerd en op 'n maandelikse grondslag sal geskied. Raadslid Annatjie Janse van Rensburg maak melding van die algemene jaarvergadering van die Grootbrak Bewarea wat op 4 Mei 2017 by De Dekke, Groot-Brakrivier, plaasvind. Johann is van mening dat dit die geleentheid is om die Midbrak Bewarea by Grootbrak Bewarea te inkorporeer. Hy en Robin sal die vergadering bywoon.

15. PLAASLIKE SAKE

15.1 **De Lange Uitbreiding** – Ann

15.2 **Toekoms** – Donovan

15.3 **Eurekapark** – Die Voorsitter noem dat Eurekapark buite ons gebied geleë is en dus by Groot-Brakrivier moet inskakel. **Raadslid Annatjie Janse van Rensburg sal inwoners so inlig**.

15.4 **Fraaiuitsig** – Charl Coetzer rapporteer dat die aangeleentheid aangaande die palmboom in Da Gamastraat afgehandel is.

Frik Nel doen navraag oor die kragonderbrekings gedurende Desember 2017. Die Voorsitter noem dat hy die Departementshoof, mnr Naidoo, uitgenooi het om die komitee te kom toespreek. **Mnr Naidoo het ingestem en sal 'n datum bevestig**.

15.5 **Suiderkruis** – **Annatjie – Moet ook inskakel by Groot Brakrivier.**

15.6 **Riverside** – **Jasper van Zyl** bevestig dat die Bloekomboom, wat 'n potensiële gevaar is en afgesaag behoort te word, op die sypaadjie tussen die woonwa-handelaar en Munro se Kafee staan.

15.7 **Tergniet** – Johann Muller

15.8 **Tergniethoogte** – Mike en George

15.9 **Klein-Brakrivier** – Charl de Wet en Pieter le Roux

Raadslid Annatjie Janse van Rensburg rapporteer dat die middellyn oppad na Klein-Brakrivier nog steeds nie deur die Provinsiale padowerheid aangebring is nie. **Sy onderneem om dit op te volg.**

15.10 **Reebok**

15.10.1 **Noord** van die Spoorlyn – Johan Lotter

15.10.2 **Suid** van die Spoorlyn – Robin Fick

15.11 **Reebokhoogte** – **Jacques** – Garingboom gevaar om om te val in Seesterlaan.

15.12 **Reebokrif** - Buks en Flippie

16. KORRESPONDENSIE

**Frikkie Rheeder** – Gordonialaan Versoek ontvang dat die padreserwe skoongesny word.

**Des Muller** – WETSTOEPASSING - Geen reaksie vir onwettige oornag by rivier wat gerapporteer is deur Des Muller.

**Johan Muller** – Plundering van seelewe

Daar word kennis geneem dat die Departement van Seevisserye vir die polisiëring van die kus verantwoordelik is, maar weens 'n nypende personeel tekort kan hulle nie oral teenwoordig wees nie. Dit word voorgestel dat daar met mnr **Warren Manuel** van die Munisipaliteit in gesprek getree word om vas te stel of hulle nie kan hand bysit om die plundering van die seelewe te help bekamp nie.

**Raadslid Annatjie Janse van Rensburg** onderneem om die kontakbesonderhede van die persoon wat vir die beheer oor riviere verantwoordelik is te bekom. Sy meld dat onwettige kampeerdery by die volgende e-posadres gerapporteer kan word: hwilliamson@mosselbay.gov.za

**Brigit Maritz**:

a) Verwydering van obstruksie 10

Kennis word geneem dat die eerste obstruksie uit die Klein-Brakrivier verwyder is.

b) Vleiland bestuursvergadering

Die Voorsitter sal die vergadering bywoon.

c) Pompstasie – Gevaar

Geniet aandag.

17. ALGEMEEN – **Indeling van portefeuljes**

Die Voorsitter meld dat hy weer die portefeuljestelsel wil implementeer.

Die volgende portefeuljes word voorlopig toegeken:

**Strate** – Frik Nel

**Oorgroeide Erwe** – Charl Coetzer

**Finansies** – Mike Gray

**Kommunikasie** – Johann Muller

Verdere toekenning van portefeuljes sal by die volgende vergadering plaasvind.

**Frik Nel onderneem** om intussen ou notules te raadpleeg om vas te stel watter portefeuljes vantevore in gebruik was.

18. VOLGENDE VERGADERING

Die  volgende vergadering sal op Woensdag, 5 April 2017, om 13:00 in die Reebok Gemeenskapsaal plaasvind.

Die vergadering verdaag om 15:50.